# Die voordele van 'n omsigtige begroting

## Plaaslike ekonomiese nuus: February 2011

**deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

In Februarie sal die Minister van Finansies voor die volk staan en ons meedeel hoe die nasionale finansies op die oomblik daar uitsien. Gelukkig vir Suid-Afrika, is die regeringsfinansies in 'n relatief goeie toestand vergeleke met sommige lande in ontwikkelde ekonomieë, soos dié van Europa.

Vir talle Europese lande blyk dit ietwat duur te wees om in die ope mark finansiering te bekom, terwyl verband-opbrengste (rentekoerse wat vir regeringskuld geëis word) op ongekende hoë vlakke is. In teenstelling daarmee het die Suid-Afrikaanse regering dit aansienlik makliker gehad om finansiering te kry: 2010 se netto verband-invloeie na Suid-Afrika het 'n indrukwekkende gemiddeld van meer as R40 miljard gehandhaaf. Dit is deels te danke daaraan dat grondbeginsels soos 'n omsigtige monetêre en fiskale beleid in plek was, ondanks die swak groei in die land. Dit het geblyk dat die regering in staat was om die kapitaal en rente op daardie verbande terug te betaal sonder die risiko van agterstalligheid. Al hierdie faktore was die gevolg van vorige begrotingsprosesse toe die regering sy sake met die uiterste omsigtigheid bestuur het.

### Om die boeke te balanseer

Regerings is niks anders as mense in die sin van hoe hulle hul finansiële sake bestuur nie. Daar is 'n inkomstestroom, wat in die geval van 'n regering deur belasting-inkomste gegenereer word, en daar is besteding, byvoorbeeld op dienste, infrastrukture, salarisse en lone. Om regeringsfinansies ordentlik te bestuur, moet daar 'n begrotingsproses wees wat verseker dat die boeke balanseer. As die regering nie sy bestedingsverpligtinge kan nakom nie (gewoonlik as belasting-inkomste swak is, soos wanneer ons 'n resessie het of as ekonomiese groei swak is), sal lenings aangegaan moet word. 'n Regering moet egter die skuld kan diens en moet nie agterstallig raak met betalings nie, aangesien dit toekomstige leen-geleenthede belemmer. In die geval van huishoudings behoort dieselfde te geld: hulle moenie buite hul terugbetalingsvermoë leen nie.

## Die terugbetaling van skuld

Die Suid-Afrikaanse algehele begroting weerspieël deels ontwikkeling in die ekonomie. In tye van ekonomiese groei het regeringsinkomste toegeneem en kon die regering sy skuldvlakke verminder. Voorts is daar ook ‘n baie doeltreffende belasting-invorderingsveldtog deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) geloods, wat die belastingbasis en –inkomste vergroot het. Die regering kon die totale nasionale skuld as ‘n persentasie van die BBP afwerk van 49.9% in 1999 tot 22.2% aan die einde van die 2009 belastingjaar. Dit het vervolgens in 2010 tot 30.7% gestyg, deels vanweë ‘n afname in belasting-inkomste as ‘n nasleep van die resessie en die ekonomiese krisis. Huishoudelike skuld as ‘n persentasie van BBP is ongemaklik na aan 80%. Dit sou tot die voordeel van verbruikers wees om voordeel te put uit lae rentekoerse en die lae skuld-dienskoste om daardie skuldvlakke af te werk. Oor ‘n jaar kan rentekoers-stygings moontlik opdoem, wat dan pynlik sal wees as skuldvlakke steeds hoog is.

## Om in goeie tye te spaar

Die regering het op die oomblik ‘n begrotingstekort vanweë ‘n swak belasting-inkomste as gevolg van die resessie. Daar was egter ‘n paar jaar toe die ekonomie goed gevaar en die regering ‘n begrotingsurplus sowel as ‘n verhoogde regeringsbesparing as ‘n persentasie van BBP gehad het. Hoewel ons dus huidiglik met ‘n tekort sit, is dit steeds op ‘n hanteerbare vlak en is dit derhalwe vir die regering moontlik om finansiering teen gunstige koerse te bekom. Dit sou verbruikers ook baat om enige surplus-inkomste wat hulle uit bonusse kry, te spaar (nadat skuld afbetaal is), omdat dit hulle in ‘n beter posisie sou plaas om hul finansies te bestuur ingeval dinge sou verswak.

## Belastingverhogings

In verlede jaar se begroting het die Minister van Finansies geskimp dat daar moontlik belastingverhogings kan kom as die ekonomiese toestand nie verbeter nie. Die BBP sal na verwagting vir 2010 op 2.8% te staan kom, wat ‘n verbetering sal wees op die daling van -1.8% vir 2009. Dit sal interessant wees om te sien of die Minister se waarskuwings gaan materialiseer. Een ding is seker: hy gaan nie so vrygewig wees met belastingkortings soos wat hy voor die 2009/10 fiskale jaar was nie, omdat die ekonomiese groei steeds wankelrig is.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*